

15 April

Skrifgedeelte: Ester 1

Glo in God se regeermag, al lyk dit oënskynlik of Hy afwesig is

Ons lewe in 'n tyd van die “sien is glo”-filosofie. Alles word bevraagteken en mense wil sigbare getuienis van 'n saak hê voor hulle glo. In sulke omstandighede is dit baie moeilik vir gelowiges om hoopvol te bly en in God te bly glo, veral as God oënskynlik afwesig blyk te wees. Die boek Ester vertel van só 'n situasie in die lewe van twee gelowiges. Die naam van die Here word nie een keer in die oorspronklike taal in die boek genoem nie. Dit lyk op die oog af asof Ester en Mordegai en die ander Jode wat in Persië agtergebly het, aan hulle eie “lot” oorgelaat is. Hulle moes maar self planne maak om die krisis in hulle lewens af te weer.

Deur die gebeure in die boek Ester openbaar die Here egter juis aan ons dat Hy, al blyk Hy oënskynlik afwesig te wees, steeds agter die skerms besig is om sy regeermag deur te voer – selfs al is dit deur die regering van die magtigste koning op aarde. Kyk net na die beskrywing van Ahasveros se mag en rykdom in hoofstuk 1! Tog openbaar die Here deur die optrede van Vasti dat ook hierdie koning voete van klei het. Hy kan nie eers self oor die krisis in sy koninkryk besluit nie!

Daar is maar slegs een ware Koning, en dit is Jesus Christus wat aan die regterhand van God sit en met volle regeermag oor die ganse wêreld regeer. En hierdie regering word só deurgevoer dat dit tot die beswil van elke gelowige is – selfs al sien jy God nie daarin raak nie. Daar gebeur niks toevallig in jou lewe nie. God stuur jou lewe so dat Hy deur Christus sy doel met jou kan bereik. Moenie hieraan twyfel nie, glo en hou daaraan vas, al sien jy nie nou God se optrede in jou lewe raak nie. Eendag sal jy op die pad terugkyk en sien dat die Here daar was; Hy het selfs toe ek getwyfel het, gelei.

Sing: Psalm 2:1, 2, 6

Ds P Venter (Potchefstroom-Oos)